MEDIAVERKLARING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

‘AFRIKANERS IS PLESIERIG’ OP ERFENISDAG

Pretoria, 16 September 2014. Die gewilde antiek- en versamelaarsmark by die Voortrekkermonument sal hierdie jaar op Erfenisdag, 24 September, met ‘n erfenisfees op die terrein saamval. Die antiekmark sal oudergewoonte op die dak van die groot amfiteater plaasvind en die erfenisfees op die piekniekterrein. Die mark duur van 09:00 tot 15:00 en die erfenisfees van 09:00 tot 16:00.

Die erfenisfees bied ‘n vol program aan – daar is musiek, rieldanse, volkspele, Henry van Dyk, die ATKV-sangers en ‘n gaskunstenaar. Mense kan kom kyk hoe word brood in ‘n outydse bakoond gebak, seep gekook, kerse gemaak, swepe gevleg en baie ander tradisionele demonstrasies, asook veteraanenjins.

Vir die dames is daar demonstrasies van hekel-, borduur-, kwilt- en kantwerk, terwyl heerlike eetgoed en interessante snuisterye te koop sal wees. Om 12:00 gaan die 200-jarige skeepskanon Susanna vreedsaam bulder.

Daar is ook verversings en ‘n restaurant by die antiekmark, asook ‘n paar stalletjies met heerlike deli-kosse. Veilige parkering is beskikbaar en toegang is R20 toegang per voertuig.

Navrae aangaande die antiekmark kan gerig word aan Geraldine Paulsen by 012 326 6770 of by bemarking@vtm.org.za. Navrae aangaande die erfenisfees kan gerig word aan Etta Judson by museum@vtm.org.za.

UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@vtm.org.za